# my taal

my taal kan klap soos 'n sweep
sy kan hard wees soos ysterklip
sy kan swets soos 'n matroos
maar soms kom lê sy, sag en soet,
soos heuning op my tong
sy vergestalt my vrese, drome, hoop
verwoord my lief en leed
vul my huis en haard
vind weerklank in my gebed
sy stap uit die kobuis uit
sy verwelkom my met arms wawyd oop
daar is 'n konsertina in haar stem
'n ghoema in haar lag
uitbundig dans sy 'n riel
sy is sonder weerga
sy staan in volblom
met wortels vas geanker in Afrikagrond
deurdrenk van son
taai, aanpasbaar soos 'n aalwyn
sy hou nooit op met groei
sy rank tot teen die hoogste hemelblou
sy bly, vir altyd, mý taal

Willem van der Colff

Vol. I & II